# Die Polisieveteranekoerant – The Police Veterans' Gazette



| Die Polisieveteranekoerant | Nuusbrief vir SAP-Veterane en – Familielede<br>Newsletter for SAP-Veterans and – Family | The Police Veterans' Gazette |
|---|---|---|
| Nie-Amptelik<br>Vol 1 No 3<br>**Versprei verder na Hartelus!** | **Sondag 20 Junie 2010**<br>**Sunday 20th June 2010** | Not Official<br>Vol 1 No 3<br>**Copy and send along!** |
| Editor/Redakteur: Hennie Heymans | heymanshb@gmail.com | Pretoria 012 -329-4229 |



**Primary Objective**
The primary objective of the newsletter is to maintain true comradeship between the men and women who served within the South African Police Force, their families and other interested persons and parties that have an interest in the former South African Police Force.
This newsletter, although originating from the Republic of South Africa is not in any way an official mouthpiece of the former South African Police Force.
This newsletter is the voice of police veterans, their dependents and their family and friends.

**Secondary Objective**
The secondary objective is, to foster and to promote interaction between veterans and their various vested interests.

**PLEASE NOTE that the opinions expressed in this newsletter are not necessary the opinion of the EDITOR. Names of the persons submitting articles or letters are shown.**

**Lees gerus wat u wil lees en ignoreer dit waarin u nie belangstel nie!** Ons sal probeer om vir almal se smaak iets beskikbaar te stel.

**1. WELKOM**
Hartlik welkom by ons "internasionale" ***SAP Veteranenuusbrief: nommer 3***. Ja, ons lesertalle groei mooi, ek moet u bedank vir u belangstelling – sonder u en u insette is daar geen nuusbrief nie!! Daar is nog groeipyne, my rekenaar bv verseg om "Afrikaans" te praat. Die kappies bokant die "e" ontbreek en ek dink nog baie aan die vorm en proses wat ons moet volg. Dankie vir die nuus, doodsberigte, siektes, verjaarsdae en foto's. 'n Voormalige kommissaris, genl Johan Coetzee, het altyd gese: "Berei asb 'n netjiese, keurige Kommissasis/Memorandum voor, asseblief." Ons strewe na goeie taalgebruik maar die rekenaar wil nie saamspeel nie!

**2. VOORBIDDING – WEL EN WEE**
**2.1 Oordenking:**
Die oordenking word vir u gebring deur ds (dr) Casper Kruger van Pretoria.

Teks: Fil 4:6: Die kommer van die wêreld lê dikwels so swaar op ons dat ons nie die werlikheid meer raaksien nie. Paulus roep ons op om ons oë van die wêreld af te haal en al ons begeertes (dws alles wat ons in hierdie bestaan laat kommer en vra) aan God bekend te maak. Dan volg die

Griekse teks op en sê dat ons Hom reeds daarvoor kan begin dank. Maw, as ek genoeg geloof in God het om te bid, moet ek genoeg vetroue hê om God te kan glo.

Ons gebede was immers voor die gronglegging van die wêreld reeds bekend aan die Alwetende God. Daarom dat Jesus ons uitnooi om al ons laste op Hom te lê en sy juk op ons te neem. ‘n Juk wat Hy belowe sag en lig is. Om te verstaan wat die juk en las is, gaan lees gerus Gal. 5:22 en dink na oor hoe die teenwoordigheid van hierdie 9 elemente in jou lewe, ‘n beduidende verskil kan maak. Groete in Christus. Dr Casper Krűger

- Redakteur: Persoonlik sien ek net vir dr Kruger by vergaderings waar hy en ander lede die belange van lede in nood bevorder. Terwille van ons ander lede en myself sal ek bly wees om meer agtergrond van dr Kruger te kry. Ek kan nie onthou dat ons saam in die Mag gedien het nie. Ek het ook aanvanklik gedink hy is ‘n “generaal”.

**3. Lief en Leed**

3.1 Afsterwe: Wyle Mev Henna Loots

Rina van Niekerk van die Bejaardesorgfonds berig: “Met leedwese afsterwe mev Henna Loots op 16/6 Diens Ma 21/6 om 11:00 in Saal van Protea Aftreeoord Wilgers Dogter Izelle 0722677633”

**3.2. Siekboek**

Daar is ’n aantal lede wat ernstig siek en ongesteld is. Ons dank ons Hemelse Vader vir diegene wat goed reageer op behandeling soos Johan Ferriera en Royce Merton.

**3.2 Verjaarsdae**

- Karel Van Vollenhoven verjaar Saterdag 26 Junie 2010 – Baie geluk Vollie !!
- ‘n Geseende vadersdag aan al die “ou manne” - mag julle vandag seen en vreugde ervaar!
- Chris Harmse 19 Junie 2010.
- Tom Bezuidenhout

**4. SAP 55 – VERMISTE KOLLEGAS: WAAR IS HULLE NOU?**


Geen nuwe sake.

**5. SAKE WAT ONS RAAK**

5.1. Die Oud SAP-lede Liefdadigheidstrust (NOW/NPO 006-532)

Vriende word gevra om die 11 de September 2010 DV te dagboek vir die jaarlikse skaapbraai.

Hoogste bod: Ons het twee boeke deur Paul Els en deur hom geteken, asook deur die Trustees en die skenker van die boeke, Willie du Plessis. Die boek is A4 grootte en so lyk die boek:




**Stuur u bod in – ons sal dit plaas sodat almal dit kan sien. Laat die wiele begin rol!!!**

**5.2 Herdenkingsdiens en kranslegging by die SA Weermag Muur van Herinnering: Sondag, 15 Augustus 2010.**

Genl-maj Gert Opperman berig onder meer soos volg:

Geagte Vriende, Die uitnodiging na die jaarlikse herdenkingsdiens en kranslegging by die SA Weermag Muur van Herinnering, wat vanjaar geskeduleer is vir Sondag, 15 Augustus 2010, word graag vir u vriendelike oorweging hierby aangeheg. Vanaf volgende jaar sal dit jaarliks op die Sondag naaste aan 31 Mei plaasvind.

Die inwyding van die Muur van Herinnering is op 25 Oktober 2009 deur meer as 1 000 persone insluitende ongeveer 200 naasbestaandes van afgestorwe lede bygewoon. Ongeveer 100 kranse en kruise is díe dag gelê of geplant. Die geleentheid is deur verskeie persone beskryf as een van die "grootste hoogtepunte van hul militêre loopbaan". Dit word voorsien dat die herdenkingsdiens en kranslegging vanjaar waarskynlik deur nog meer belangstellendes bygewoon sal word.

By voorbaat baie dankie. Vriendelike groete

- Redakteur - Belangstellendes kontak asb die HUB by die Voortrekkermonument voor 30 Julie 2010 by hub@voortrekkermon.org.za of faks 086 615 9587. Meer besonderhede is by die HUB beskikbaar.
- Ek het hierdie by die nuusbrief ingesluit omdat ons almal bv vaders, broers, seuns en dogters in die SAW gehad het.

**5.3 Koevoet Vingerkraal Development Project: Leon Bezuidenhoudt**

Die Koevoet Vingerkraal Development Project, is gestig met die doel om opheffingswerk te doen onder die oud-Koevoet lede, wat by Vingerkraal 35km vanaf Warmbad gevestig is. Die projek sluit in 'n landbou ontwikkelings projek, wat insluit die verbouing van gewasse. Uit die

aard van die projek benodig ons soveel hulp en material as wat ons kan kry. Help asseblief as jy kan.

Ten tweede omsluit die projek die opheffing/bystand van die liggaamlik gestremdes. Ons het reeds ‘n belofte van ‘n huis gekry by ‘n maatskappy wat aan die SAP daardie groen Maleoskop huisies voorsien het. Ons het ook reeds ‘n rolstoel aan een persoon kon verskaf.

Laastens het die gemeenskap besluit om ‘n gedenkteken vir hulle gevalle makkers op te rig. Vir die doel het ons reeds ‘n beloofde vir ‘n graniet rots met die 153 name daarop uitgekap, gekry.

Ons benodig egter ‘n 5 ton voertuig met ‘n kraan om die rots vanf Brits tot by Vingerkraal te kry. Ook plaveisel en sement om die res van die gedenkteken meet e bou. Dan ook die bruin pad aanwyserborde om vanaf die Warmbad die rigting na Vingerkraal aan te dui.

Enige hulp sal waardeer word. Die aanvanklike “Tin” gedenk teken by Maleoskop is afgebreek. Die beelde groep staan by die “nuwe SA Polisie museum” wat 5 jaar gelede vir die publiek oop was. Die ere rol voor die Kollegekerk is ook afgebreek en net die beeld staan daar-buite konteks. Die aanvanklike Koevoete ererol is aan die SAP Museum gestig en die bronsplaas is, nodeloos om te sê, weg.

Kom ons vereer hierdie 153 man. Die SAW het hulle eie muur, die SAP het die blanke gesneuweldes op hulle lys by die Uniegebou, maar die Koevoete word nerens vereer nie. Ons verander dit. Danksy hulle bloed is daar vandag ‘n vrye onafhanklike namibië, waar Swapo weliswaar regeer, maar nie as ‘n marxistiese diktatuur nie.

- Redakteur: Ek dink dit sal ’n uitstekende idee wees indien Servamus daar wil besoek afle.

**5.4 Vingerkraal: Leon Besuidenhout**
Hy skryf aan Sakkie van Zyl met afskrif aan die Nuusbrief.

Ek het 'n boek saam met Shorty geskryf, maar was NOOIT in sy "huis", tot gistermiddag.

Die vloer is goeie ou Springbokvlakte grond. Hy bad uit 'n skotteltjie. As sy kombers van die bed val, val dit in die grond. As sy mooi kerkhemp afval, is dit in die grond. Die wit kolle op die grond in die huis, is waar die son deur die gate in die sink skyn.

Ek was geskok.

Ons is besig om vir hom 'n groen "pre-fab" twee kamer huis te reel. Maar kort beton vir die vloer, elektrisiteit vir die huisie asook pype vir water ens.

Ken jy dalk iemand wat kan help?

Corlien MacDonald het vir hom 'n nuwe rolstoel gereel. Nie die beste een nie, maar beter as die onbruikbare oue.

- Redakteur: Ek sal bly wees indien ons vir Sising "Shorty" Kamongo kan help. Shorty is 'n hoogs bekwame en deurwinterde polisiekryger en spoorsnyer gewees – totdat hy gewond is! Hy was al 'n gesoute jongeling toe hy na sersant bevorder is. Hy het sy naam gekry toe hulle tydens die oorlog voorraad opname doen en hy se: "Adjudant ons kort die baked beans!" Die adjudant se antwoord was: "Short se g@t!" Vandaar die naam Shorty. Hy is hoogs intelligent maar in 'n rolstoel gekluister. Ek het hom ontmoet.
- Meer inligting later oor die boek deur Sisingi Kamongo en Leon Bezuidenhout. Ek het die voorreg gehad om die m/s te lees – dis aangrypende leesstof van 'n baie dapper man!!

## 6. Polisie-geskiedenis /Police History

### 6.1 Soweto 16 Junie 1976: Johan Ferriera

Die datum 16 Junie bring verskillende herinneringe vir verskillende mense in ons land mee. Vir sommige word jeugdag herdenk, andere onthou weer dat dit die datum aan die begin van die vorige eeu is toe Lord Roberts [1] opdrag gegee het dat boervrouens en kinders in konsentrasiekampe aangehou word en dat die boere se plase en alles wat daarop is, tot die grond toe afgebrand word.

Vir enige polisiebeampte wat daardie tyd in die Suid-Afrikaanse Polisie was, sal daardie koue winterdag van 16 Junie 1976 onthou word as die dag toe die grootste onrus ooit in Suid-Afrika losgebars het. Op 16 Junie 1976 het ek, soos elke werksdag, om 05:30 by die polisiestasie op Silverton aangekom. My taak was om die selle te besoek, die registers na te sien en toe te sien dat alles reg was vir die nuwe dag se werksaamhede. Op daardie tydstip was ek al vier jaar as 'n luitenant gedien.

Op pad na die polisiestasie toe het ek gevoel dat die ergste winter aangebreek het.

Nie lank daarna nie, het **Kaptein Buks Loots**, die stasiebevelvoerder, 'n odrag van die distrikskommandant in Pretoria-Noord ontvang om 'n voertuig na Mamelodi te stuur. Die stasiebevelvoerder van Mamelodi, luitenant Caldwell Mokgosi, het vir ondersteuning gevra omdat die inwoners in Mamelodi oproerig was en op plekke saamgedrom het.

Die voertuig het per radio terug gerapporteer dat pandemonium in Mamelodi losgebars het. Groepe mense het alles met klippe bestook, petrolbomme gegooi en verskeie winkels, skole en munisipale kantore was in ligte laaie.

Kaptein Loots het gelas dat ek (gewapen met my ou Webley rewolwer en ses rondes ammunisie) en 'n paar manne soontoe haas om vas te stel wat daar aangaan. Intussen was die onluseenheid in Pretoria-Noord besig om te mobiliseer.

[1] Redakteur: Genl CR de Wet se huis is ook op 16 Junie tydens die ABO vernietig.

In my dertien jaar as polisieman het ek nog nooit so-iets gesien nie .... duisende mense het oral saamgedrom, klippe en petrolbomme gegooi, die paaie met brandende motorbande versper, winkels geplunder en veral die Bantoesake-administrasie se persele verwoes.

Ek onthou dat besope jeugdiges met kartonne drank op hul koppe, soos miere uit die drankwinkel gestrompel het. Ek onthou ook die vernielsug en die uitdrukkings van verset in die plunderaars se oë ..... en ook die angs wat ek en die ses of sewe lede onder my bevel ervaar het .... ook ons magteloosheid om enigiets te doen om die duisende plunderaars tot bedaring te bring.

Vandag, na vier-en-dertig jaar, is ek steeds verstom dat ons daardie oggend lewendig uit Mamelodi gekom het.

Na, wat soos ‘n ewigheid gevoel het, het die onluseenheid uiteindelik gekom om by my en my spannetjie oor te neem. Ons was aangesê om huistoe te gaan en ons kamoefleeruniforms te gaan aantrek en weer by die polisiestasie aan te meld.

Daar het ons van die een oproer-toneel na die ander gehaas, terwyl die skares en die geweld al hoe groter geword het .... Die media en televisiespanne, van oral oor die wêreld, het ook vinnig bygekom.

Wat opmerklik was, was die Valiant-taxis wat op die voorpunt van al die aksie was en wat blykbaar die skares aangepor het. Ek onthou ook die traanrook, die aanvanklike waarskuwingskote van die polisie .... en wat later plaasgevind het.

Wat ek ook kan onthou, is dat ons die hele dag en nag voortgegaan het sonder om afgelos te word en dat ons sonder kos moes klaarkom.

Dit was ook snerpend koud ..... ek onthou toe die son op 17 Junie 1976 opgekom het, was daar ‘n boom by Waltloostasie vol yskristalle. Die yskristalle het teen die opkomende son geskitter soos diamante. Die ys het gevorm van ‘n nabygeleë watertenk wat oorgeloop het en van die koue wind wat die watersproei op die boom gewaai het.

Die volgende dag het dinge meer georganiseerd geraak ..... die vroueverenigings van die omliggende kerke en later ook die plaaslike tak van die Suiderkruisfonds het spontaan toebroodjies en groot skottels sop vir die verkluimde polisiemanne gebring. In die pakkies toebroodjies was ook kort handgeskewe boodskappies en teksverse om die manne te bedank vir hul opoffering.

Die polisiemanne is toe ook in pelotonne ingedeel, sodat die polisietaak op ‘n meer geordende wyse voortgegaan het. Die omliggende polisiestasies se reserviste het ook spontaan by die permanente lede aangesluit.

So het ek in Junie 1976 my werklike vuurdoop in die polisie ontvang .... alhoewel ek toe al dertien jaar diens gehad het en ook al grensdiens in Rhodesië gedoen het, kan ek ruiterlik verklaar dat ek in daardie paar maande "groot" geword het.

Die ervarings en ontberinge wat ons, en seker al die ander kollegas oral in die land beleef het, sal vir altyd in my geheue bly.

In daardie paar maande het ons talle goeie, maar ook ontstellende ervarings beleef, maar wat my die meeste sal bybly is die kameraadskap, solidariteit en vriendskappe wat ons daar opgebou het.

Op 19 Augustus 1976 is ek vir die eerste keer toegelaat om huistoe te gaan ... *"om bietjie te gaan uitrus".* Maar daardie selfde aand, die eerste keer in my eie bed en in die diepste slaap denkbaar, is ek wakker gemaak van 'n oproep van luitenant-kolonel André Smith van die Afdelingskommissaris se kantoor..... sy opdrag was dat ek die volgende oggend by die Kollege moes aanmeld. My kamoefleerdrag moes reg wees en ek moes R50 kontant by my hê.

By die Kollege is 'n groterige groep polisiemanne in opruktrokke na die Waterkloofflughawe vervoer, in 'n Hercules vliegtuig geprop ....sonder dat ons meegedeel is waarheen ons op pad was. Toe ek vir adjudant-offisier Johnny Dreyer gevra het waarheen ons op pad was, het hy net geantwoord: "Êrens tussen Phalaborwa en Palestina", en weggestap.

Toe die vliegtuig neerstryk, ontdek ons dat ons by die Eros lughawe naby Windhoek is..... maar dis 'n ander storie.

**6.2. Ranks and History: "Fighting Police of South Africa"**

Currently I am busy with a Chapter on the Fighting Police of South Africa. The new modern tendency is to write and to mention e.g. Major HF Trew and then later to refer to "Trew". I have discussed this matter with General Van der Merwe. In his new book he constantly refers to the policeman or minister by their rank and name.

I have been perusing what I have written, and as a disciplined, retired, policeman I find it difficult to write about e.g. Colonel IP de Villiers and then later just to refer to him as plain "De Villiers." I don't like this form of address.

- What do other readers think? Should ranks be used throughout as in an official SAP-report?

**6.3. Genl vd Merwe se Boek: Trou tot die Dood**

Die uitgewers berig: "As alles goed gaan, behoort ons dus die boek voor die einde van die maand te hê".

**6.4 SAP De Wildt: "Suid-Afrika Eerste"**

Generaal JMB Hertzog, een van die ou Unie van Suid-Afrika se eersteministers het gedurende 1912 sy bekende "De Wildt" toespraak langs die De Wildt-polisiestasie, onder 'n boom, gelewer.

In die verlede het die Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermuseum en ander wat in erfnisbewaring belangstel, oor die onderwerp gekorrespondeer. Onlangs het ek die ou polisiestasie te De Wildt probeer opspoor - maar die stasie het in die niet verdwyn!! Wat het van die gedenkteken geword?



De Wildt-boom staan nog!

**6.5 Jeppe Polisiestasie c1970: JP Swanepoel**

“Aangeheg is n foto wat ek by n goeie vriend gekry het. Die foto is vermoedelik van lede van Jeppe SAP in Johannesburg en is moontlik in die 1970's geneem. Is daar dalk lede wat name kan koppel aan die foto?

Die belangstellende persoon is Kotie Hanekom. (Sy Pa staan in die agterste ry, regs agter in die foto) Dankie Oom -JP Swanepoel”



- Redakteur Baie dankie JP Swanepoel.
- Willie du Plessis dis mos jou mense hierdie!!
- Ek herken net twee in die voorste ry. Kol Servaas de Wet en die (reservis) kol Sam Bloomberg.

**6.6 Generaals en Sersante-majoor (ook hoof-konstabels en adjudant-offisiere)**
Navraag Een: Paul Els is besig met 'n nuwe boek oor "SA Generaals en Sers'e-Majoor". Ek is gevra om 'n inset oor die Polisie te lewer. Daar is reeds van 1913 baie bekende hoofkonstabels, later a/o en ons het eers 'n generaal in c1940 gekry.

Laat u gedagtes gaan en nomineer asb u SAP-generaal en -a/o.

**Navraag Twee**: Ek het onlangs ook die volgende navraag ontvang: Hennie, Enlighten me a bit. Over the weekend I started compiling a Roll of Honour for Sergeants Major/Warrant Officers Killed in Action or killed in actions affiliated with action, (Action beiing the Angolan Campaign and related periods 1960-1994.

I have the names of so many Warrant Officers (SAP) that I decided to leave them off the list as many were killed in line of duty other than Border or Angolan Campaign duties.
Then, on going through my SA Wargraves Stat, I find a number of names of "special warrant officer ......" mainly Black Ovambo names.

I don't think it is necessary to incude their names.

Your thoughts please.

- Ek dink almal stem saam dat alle a/o's ook die spesiale a/o's se name genoem moet word – almal het rooi gebloei vir Suid-Afrika!!

**6.7 Louis Lubbe: 'n Boek oor die SAPolisie se bydrae gedurende die bosoorlog ( 1966 – 1989)**
Louis Lubbe is tans besig om 'n boek te skryf oor die polisie se bydrae gedurende die grensoorlog oftewel, soos die polisiemanne dit geken het,die bosoorlog. Dit beoog om die verhaal te vetrel soos die polisiemanne dit beleef het d.m.v. fotos, staaltjies, stories oor die bou van basiskampe, patrollies te voet en per voertuig, landmyne, humor en hartseer en natuurlik die oorlog self.

Dit dek die hele grensgebied waar die manne ontplooi was; van Ovamboland deur die Caprivi tot aan die oosgrens van Rhodesië tot en met die uitendelike onttrekking van die SAP met onafhanklikwording van die onderskeie lande.

Louis is nou al 'n jaar en 'n half besig met die insameling van geskikte materiaal en gesprekke met oud "bosmanne". Dis net ongelooflik waar die manne hulle nou bevind en wat sommige van hulle doen of gedoen het na aftrede. Hy het met manne gesels wat hulle bevind in plekke soos Angola, DRK, Nieu Seeland, Kanada, Port Nolloth en natuurlik ook Pretoria.

Louis skat dat hy alreeds sowat 75% van die materiaal versamel het waarna hy op soek is, maar om die een of ander rede is die manne wat in die laat sestig in die Caprivi was, baie skaars.

Hy sal dit baie waardeer om kontak te maak met polisiemanne/ oud-polisiemanne wie op die volgende basiskampe gestasioneer/ ontplooi was ( in die Caprivi): Rundu; Bagani, Katima,

Kongola (die ou tentkamp voor die fort gebou was ); Impalila eiland (ook die ou tentkamp, voor die fort gebou was) en Pandamatenga (Rhodesië). Enigiemand wie hier kan help, kan gerus vir Louis kontak by: (011) 803 6348 / 082 859 0764 of louislubbe@telkomsa.net Hy sal dit verskriklik waardeer !

**7. Redaksioneel: "Hennie se Lessenaar"**
Aan almal hartlik dank vir u ondersteuning. Dit is nogal 'n storie om so 'n nuusbrief uit te bring! Die kabouters binne in die rekenaar veroorsaak nogal probleme want sekere goed kruip weg – so kan ek nie Billy Cox se gedig nie en die boekbespreking oor Sisingi Kamongo en Leon Bezuidenhout se boek opspoor nie!

My enigste motief met die blaadjie is om al die oudlede met mekaar op een of ander wyse te verbind en sake van gemeenskaplike aard onder aandag te bring. Ek wil u graag tot u diens wees.

Met 16 Junie agter die rug het die ou manne baie te se gehad oor die onluste wat op 16 Junie 1976 in Soweto plaas gevind het. Johan Ferrira en Toffie Risk se inskrywings op die ou SAP lede se webtuiste het baie herinneringe teruggebring. Elders verskyn Johan Ferriera se storie.

Daar is seker niks in die wereld wat by ons onluste kan kers vashou nie! Die onluste op die myne en in die swartwoonbuurte was uiters geweldadig en die geraas en dreunsang is nogal angswekkend gewees. Om na rowers om inbrkers te skiet is skoon en klinies – maar die geweld van stedelike onrus, die geraas, die klippe, gebrand van die buit bande, die koue, die geskree en die geloei van sirenes van ambulanse en brandweer sal mens altyd bybly – ook die gruwel tonele waar die bloed in die sand wegsyfer en die lokasie se honde die bloed plek-plek oplek.

Geweld mainfesteer hom weer in Suid-Afrika en wel op ander maniere – ons dink aan die boere en plaasbewoners, huiseienaars, vreemdelinge en dies meer.

Generaal B Cele maak nou ten minste die regte geluide en ek dink ons kan 'n groot verbetering verwag! Ek steun hom beslis in sy pogings om die SAPD reg te ruk! Vir 'n paar jaar was my wabemanning te King's Rest, konstabel Bekingkosi Cele. Hy het in die Noorde van Afika diens gedoen tydens die Tweede wereld Oorlog. Ou Bhekinkosi het 'n motorkar gery, NUZ 1010, en ek wonder of hy en die nuwe kommissaris familie is? Op nagdiens het ou Bhekinkosi my altyd van die Oorlog vertel en hoe hy by Tobruk gevlug het! Hy is nooit deur die Duitsers of Italianers gevang nie! Dapper ou konstabel Cele – met sy vreeslike Knop Kierie - ek wonder of hy of leef?

Ons gebede gaan uit na al ons vriende wat nog dien! Mag God julle Behoed en Bewaar – ons weet julle **BLOED IS BLOU!** En onthou "WALK TALL" (soos Oom Piet se), onthou soos in die bier advertensie: WE ARE WATCHING YOU!!! Sterkte manne en vroue!!!

**8. Possak**
Ek plaas die briewe net soos ek hul ontvang – indien u graag u rang wil gebruik , plaas dit asb by u naam. Die gebruik van range laat ek aan die skrywer oor. Ek is nie te drasties op die gebruik van range nie – behalwe wanneer dit by geskiedkundige geskrifte kom!

**BEVESTIG NET INDIEN U DIE KOERANTJIE WIL HE**

**1 –Willem de Klerk : Republiek van Georgie**

Hallo Hennie,

Baie dankie vir jou puik werk, vriend. Toevallig is my oudste broer, Dana Kruger se swaer, so ons het daagliks kontak met mekaar. Ek sien jy het 'n stukkie geskryf oor ‘n generaal Dillon. Ek het ‘n voorval gehad wat ek graag wil deel, dit was toevallig ook te doen met ‘n generaal Dillon.

Jare gelede, dit was in 1971, toe is ek op Orkney gestasioneer. Ek is sowat halfuur op skof gewees 'n Saterdagaand hier by 22h30... Nou moet ek jou eers vertel: net voor die insident was daar "stasie-rowers" gewees wat brandstof en wapens by verskillende stasies deur die land afgehaal het sonder weerstand, bloot net omdat hulle gesê het hulle polisie beamptes is. 'n Omsendbrief na alle stasies het beamptes gemaan om op hul hoede te wees vir die rowers en om hulle te arresteer. Ek was 'n student-konstabel en het my polisiewerk baie ernstig opgeneem!!

So teen 23h00 stop daar toe ook 'n swart Chev Kommando buite die stasie en die drywer in privaatdrag ('n netjiese pak) kom ingeloop in die AK in en sê: "Naand swaer, ek wil brandstof trek vir my kar..."
Dadelik kry ek toe hond se gedagte en vra: "Waar is jou aanstellingsertifikaat?"
Die man is duidelik onkant gevang. Hy antwoord: "Nee, die kaart is in my uniform."
Ek antwoord: "Jammer, geen aanstellingsertifikaat, geen brandstof".
Die man raak toe ongelukkig met die student.
Die man vertel my toe hy is generaal Dillon se bestuurder en die generaal sit in die kar en wag.
Natuurlik teen hierdie tyd begin ek nie meer dink aan enigiets anders as die polisiester vir dapperheid en al die ander medaljes wat daarmee sou saam gaan nie, omdat ek op die voorpunt is om naam te maak en die grootste arrestasie nog! En dit op Orkney stasie van alle plekke!!

Die drywer strompel half terug na sy voertuig toe terwyl ek weier om die brandstof se sleutel te gee en ek dink net aan daai medaljes en sertifikate!!! Ek was ongelukkig alleen in die AK gewees op daardie stadium, die patrolliewa was in die wyk.

My heldedaad-gedagtes het natuurlik 'n element van eensydigheid ook gehad, ek wou nie nou medaljes deel met die wyksersant nie, a nee a!!, hierdie was student-konstabel De Klerk se groot arrestasie en dit gaan maklik, geen geskreeu of wat nie, hulle het hulle vas geloop dink ek toe ewe onskuldig.

Ek spring self oor die toonbank die bestuurder agterna, ek het die motor se sleutels in my hand en op die motor is daar 'n TP-registrasie en op die plaatjie van die motorsleutels ook, so dink ek toe, dis nie 'n polisiemotor nie, ons patrolliewaens ens het almal 'n SAP-nommer op die plaatjie. Ja-nee, dink ek, vanaand is die manne in die selle!!!!!!!

Die drywer maak die agterdeur oop en 'n jong man in sy vroeë dertig klim uit, baie netjies en hy groet ewe beleefd en sê: "Naand, ek is generaal Dillon, ek wil brandstof hê, asseblief!!

Toe begin my kop draai. Kyk, daar is nie 'n kans dat 'n jong man soos daai die rang van generaal kan hê nie. Ja-nee dink ek, dis selle vir julle twee vanaand! Ek kan hulle altwee eiehandig hanteer reken ek toe. Ook by dit alles is die "generaal" baie jonk en klein gebou, die drywer seker so 45 of so, nee wat, ek sien kans....

Ek sê toe: "Kyk, kom ons stap AK toe en bespreek dit daar. Binnegekom in die lig toe sien ek dat die "generaal" wragtie baie jonk is en hulle is in privaat pakke, die "generaal" in 'n swart aandpak.

"Het u 'n ID kaart," vra ek die "generaal".
"Nee antwoord die "generaal", hy het nie, hulle was op n polisiepartytjie te Welkom en nou is hulle oppad Pretoria toe en wil net brandstof hê.

Maar ek hou voet by stuk, dat as hulle nie id's het nie, DAN IS DAAR NET EEN PLEK EN DIS DIE SELLE EN ARRESTASIE!!

Die "generaal" sê toe vir my bel die diensoffisier.

Nou begin ek sweet, hoe is dit dat die man al die terme ken reken ek toe?

Ek roep ook die wyksersant sommer dieselfde tyd terug AK toe, sal dalk hulp moet kry om die manne in die sel in te gooi, wie weet??

Toevallig is majoor Hardy van Stilfontein aandiens en by nou is dit al hier by amper middernag.

Ek sê toe dis reg, die "generaal" kan majoor Hardy skakel en homself identifiseer anders sluit ek hulle toe vir voordoen as polisiebeamptes, en dit nogal as "generaal" ook by gesê...

Die foon lui by majoor Hardy se huis............

"Hallo Majoor, dis student De klerk hier op Orkney, ek het twee manne in privaat klere sonder ID dokumente en hulle soek brandstof vir 'n TP Chev kommando en ek het rede om te dink dis die stasie rowers????? Maar die jong sê nogal hy is 'n generaal, hy ken ons polisieterme en vra om met die diensoffiser te praat, hy ken u glo???

"Wie is hy?" vra majoor Hardy

Ek sê: "Hy sê hy is generaal Dillon!!!

Die majoor uiter 'n woord wat ek vergeet het en sê: "Gee dadelik die foon aan hom sodat hy self kan praat." Net daar voel ek hoe my bloeddruk na stilstaan beweeg en sien ek hoe my polisieloopbaan tot 'n vinnige einde kom en dit nog voordat ek ooit die eer sou hê om 'n uniform te dra....en nou dink ek ook nie verder aan die medaljes en al die serifikate wat ek graag sou wou ontvang vir die arrstasie van die "stasierowers" nie.

Die majoor en generaal begin toe lekker gesels en die generaal gee die foon terug met 'n glimlag:

"Ek dink dis alles onder beheer sê hy."

Wel, die uiteinde was dat die storie 'n gelukkige einde gehad het. Toe die patrolliewa arriveer is alles uitgesorteer en ek moes gaan help om brandstof in die swart Chev te gooi.

Ek was pas voorgestel aan een van Suid-Afrika se jongste en mees energieke - of dan dinamiese - generaals in die polisie nog, soos ek verstaan het. Generaal Dillon was inderdaad 'n generaal en gestasioneer by radio-kommunikasie ???? in Pretoria, seker wat maar die begin was van internet en komputers of wat, ek kon nie onthou nie...

Hulle is toe daar weg met groot glimlagte. Twee ure daarna het majoor Hardy stasiebesoek gedoen en gesien waar die generaal: "Besoek aan Orkney, alles onder beheer" in die voorvalle boek geskryf het.

Ek het darem nie my ontslag gekry nie, ook nie sertifikate of medaljes nie en kon vir vier jaar verder diens doen, maar die ondervindinge van Orkney bly my by.....

**Ek dink aan my ander kollegas ook, en mense wat ek gedink het, baie spesiaal is:**

- Majoor Polly van Klerksdorp. Nou afgetree, seker Brigadier? Hy het my ingesweer.
- Sersant Peter Scales ... ek verneem hy het as kolonel afgetree?
- Doets Myburgh ... kolonel te Potchefstroom?
- Adjudant Harris ... afgetree Kaptein te Fochville?
- Kaptein Jan Venter ...Oorlede.
- Sersant Seyffert te Orkney.
- Speurdersersant Paul Noppe: afgetree.
- konstabels: Wally van der Merwe, Gysbert Mouton en Chris van der Westhuizen.

Groete uit die Republiek van Georgia!!!

- Redakteur: Lekker gewees om die storie te lees!!

2. Hannes Slabbert van Despatch:
Hennie ek het die koerant via Ronnie Beyl ontvang en sal dit waardeer as my naam op adreslys geplaas word. Ek is een van die "Spories" wat in 1986 ingelyf is maar omdat ek die meeste van die tyd 'n speurder was, het ek soveel kontak met SAP lede gehad dat ek net sowel in daardie Mag kon gedien het. Geluk met die koerant - dis nodig. Sommer dag ook aan my goeie vriend Fritz Brand van Durban saam met wie ek die brigadierskursus gedoen het. As ek mag, sal ek graag n storie of wat uit my verbintenis met ' die ander Mag ' vertel. Baie sterkte en mag die koerant van krag tot krag gaan. Hannes Slabbert (oud-brig).

- Oom Hannes u is welkom, vertel u storie, ons luister graag!!

**3. Wouter Mentz van Papau Nieu Guinee:**
3.1 Hi almal,
Ek en Daleen, of liewers Daleen maak vandag ons **Oom Steyn's Pub and Grill** oop in die Stanford Hotel, 20 min anderkant Hermanus op pad na Gansbaai.

Kom se “hallo” en ondersteun ons asb.
Sal goed wees om weer ou vriende te sien.
Mooi bly hier van PNG naby Australië.
Go Bokke en Bafana!!!!
Regards/Groete

3.2 Hallo Brig,

Baie dankie dit sal wonderlik wees as Polisie bekendes en vriende daar kan doen.
Daleen is die dogter van oorlede brig Jack Cronje (Veiligheidstak: Pretoria), ek en hy was saam met Jaques Hecter, Paul van Vuuren, kol Roelf (**Venter**) sy van ontgaan my nou, die eerstes wat voor die waarheids- en versoeningskommissie moes getuig).
Die Brigadier is oorlede in Oktober verlede jaar na jare se stryd teen kanker.Tannie Narita is nog in Swellendam waar hulle afgetree het.Hy was n yster.
Daleen was self ook ‘n kaptein in Pretoria.
Dankie vir die nuusbrief mag dit gaan net van krag tot krag gaan. Kry sommer heimwee hier ver in Papau Nieu Guinee.
Regards/Groete



**4. Claudette Irvine from Canada** sends a picture:
Nice Pic of our R.C.M.P. here where I stay, that day his horse just wanted to go have a good weekend:



- **Editor** – Claudette is a former Durban lady with connections to the Berea Police Station – if I remember correctly.

**5. Hennie Westraat skryf:**
DINK NOG SO BIETJIE VOOR EK SKRYF OOR ONS OMGEWING. SAL JY DAWIE ACKERMAN BYVOEG BY JOU VERSPREINGSLYS.

- Maak so Generaal!
- Welkom Dawie Ackerman!!

**6. Piet van Zyl - Uganda**
Brigadier,So goed om van die "Ou honde" te lees. Hierdie idee van u gaan n grote word.Ek is vandag terug uit die "bos' maar 'n besige naweek en sal Sondag met groot verwagting weer die Veteranekoerant volg. Ek beplan om 'n bydrae te maak maar net so ongelooflik besig op hierdie stadium. Walk Tall!!

- Redakteur: Ek moet se ek hou van jou "Walk Tall!"

**7. Louis de Jager: Kaapstad**
Geweldig baie dankie Hennie vir hierdie 2 de produk.
Net een problem, ek het gedink ek het na 14 jaar effektief 'n korporatiewe "haas" geword en my van my " vorige lewe" kon afsny.

Helaas, nie so maklik nie, veral nie nou dat jy die "onderbewustelike" knaende nostalgie laat ontwaak het met name van en gebeure rondom bepaalde lengendes uit die verlede met wie ek die vooreg gehad het om in my " vorige lewe" saam te werk nie.

'n Man is nou maar eenmaal wat jy is !! En Polisieman en veral Veilgheidsman moet maar vrede maak daarmee.

Groot Groete hier uit die Kaapstad Stadion en wil iemand tog nie asb n Vuvuzela op die veld voeter sodat hulle die @#$%& kan verbied nie.

**8. Fairland Police Service**
Hi,dit is A/O FH Meintjes hier, oud-SAP Hillbrow lid en tans gestasioneer te SAP Fairland. Hierdie is ons privaat e-mail adres by die stasie, ons het ook 'n tuiste, www.fairlandpolice.co.za. Het u geweet daar is nog 'n Fairland Police Department in Oklahoma in die VSA, asook 'n Johannesburg met Afrikaanse straatname, dit is in California in die VSA, ook 'n Randburg 'n paar myl weg van die dorpie Johannesburg, dit word as Randsburg gespel,gaan kyk na fotos op die net, dit is soos Pelgrimsrus, klein goudmyn plekkies. Groete: Fairland Police Service

**9. Peet Nieuwoudt - Pretoria**
Hennie - Baie dankie vir die gedeelte oor die Bejaardesorgfonds en Servamus. Ek merk op dat daar baie belangstelling in jou koerant is. Jy sal eersdaags moet begin dink aan 'n assistant-redakteur. Groete.

**10 Johan Ferreira - Pretoria**
Dag Charl Crous (in Nieu-Seeland)
Ons sal graag, wanneer dit vir jou geleë is, jou storie hier wil sien.
Nie net die agtergrond en inligting van jou doktorale tesis nie, maar ook jou stryd en swaarkry om jou en jou gesin in Nieu Seeland te vestig.
Forward ook aan die ander oud SAP-lede in NS en Aus wat jy ken. Groete

::::::::::::::::
Hennie ..... skitterend!
Johan Ferreira

- Dankie Johan. Jou skakelwerk help om ons nuusbriefie ook aan die uithoeke van die wereld te stuur.

**11. Annalise Kempen – Redakteur Servamus Pretoria:**
Dankie baie - Direkteur Peet Nieuwoudt het gevra dat ek vir jou "bemarkingstukkie" aanstuur tov SERVAMUS - ek het nie vergeet nie - sal binnekort. Groetnis op hierdie koue Maandag!

**12. Helen Kriel – Zambie**
Stuur asb aan na ander oud-lede.
Groete uit Zambia

**13 Charl Crous - Auckland New Zealand**

Groetnis aan almal.

Ek kry hierdie nuwe nuusbrief inisiatief vanaf (voormalige) genl Ferreira. Dis 'n nuusbrief van die SAP veterane en oud polisiebeamptes wat saamgestel word deur (voormalige) brigadier Heymans.

Daar is hope interreseante goed in ...oa blyk dit 'n reeks boeke word eersdaags gepubliseer word (Genl Van Der Merwe blyk dit, Suiker Bris oa ook oor die geskiedenis van die veiligheidstak ens.... vakskerm-groep op Vlakplaas?....nou ja duidelik gaan daar nog great nuus kom soos die geskidenis ontvou) asook boodskappe van vele oud-kollegas van regoor die wereld en verskeie facebook bladsye verwysings ens .Stuur gerus aan aan ander oud lede wat julle ken.

**Brig Heymans:** Ons is heelwat ex SAP hier in NZ. Ek is seker almal sal te bly wees om die nuusbriewe gereeld te volg en 'n stukkie van die geskeidenis te bekom soos dit opgeskryf word ...'n uistekende idee.. Groete.

**14 Robbie Jubber – Rayton:**
H.H. wil jou net komplimenteer op jou 2de uitgawe van die Polisieveteranekoerant .. Jou onbaatsugtige diens aan ou kamerade gaan nie ongesiens verby . Jou talente is aan ons almal bekend. Ons kan net se ..SALUUT!

**15 Adv Len Els SC - Pretoria**
Nuusbrief lyk goed!

**16 Johann Kotze: Kaapstad**
More oom Hennie.
Baie dankie vir die Veterane koerant! Ek geniet dit baie. Ek het dit sommer vir my Pa ook aan gestuur. Ek het nog nie van hom gehoor wat hy daarvan dink nie, maar ek is seker hy sal ook daarvan hou.
Ek hoop dit gaan nog goed met julle almal. Stuur groete aan Oom Willie.

Van klein hondjie (Johann)

**17. Pierre Van Rensburg – skryf:**
17.1 Hallo Hennie.
Baie dankie vir hierdie wonderlike inisiatief wat jy aan die dag le om uit te reik na ons ou polisie -lede.
So 'n bietjie van myself:

Ek is in 1965 in Klerksdorp gebore waar my Pa (sersant Willie van Rensburg) 'n speurder en vingerafdruk deskundige was. Hy dien daar onder die bevel van sy halwe broer Liutenant Phillip Putter (vingerafdrukdeskundige), terwyl my pa se ander halwe broer adjudant-offisier Nic Putter gestasioneer is op Brakpan en Benoni totdat hy medies ongeskik gevind word. Hy sterf in 1984 aan long kanker.

My pa word later verplaas na die PVAK Springs waar ons groot word. Hy word later oorgeplaas na die uniformtak Springs waar hy later jare in bevel was van die hof personeel voordat hy in 1984 medies ongeskik gevind word.

Sy broer Luitenant Putter word later bevorder tot Kolonel en word verplaas na Port Elizabeth en daarna na John Vorster Jhb waar hy as bevelvoerder van die speurtak dien.

In 1983 word hy bevorder na Brigadier en nie lank daarna nie word hy bevorder na generaal waarna hy dien as die bevelvoerder van die SAKB tot en met sy aftrede.

Ek matrikuleer in 1982 vanuit die Hoer Seunskool Hugenote waarna ek in Desember 1982 by die SAP in Springs aansluit.

Ek was so bevoorreg om as student by my Pa opleiding te ontvang. (Dit was nie eintlik baie nodig nie want ek het in die polisiestasie saam met my pa groot geword en later as hofordonans gehelp in St 9 en Matriek.)

Ek begin met my polisie-opleiding in Jan 1983 by die SAP Kollege waarna ek na my uitpasering na Kempton Park uitgeplaas word.

Later sluit ek by Eenheid 6 (Onluste Eenheid) Benoni aan waar ek dien onder Kaptein Hein Kilian die Eenheidsbevelvoerder. Ons begin dan ook die nuwe eenheid op Dunottar. Kaptein Kilian word later bevorder tot luit-kol waarna hy 'n hele paar jare later medies ongeskik gevind. Hy voltooi sy loopbaan as bevelvoerder van Eeenheid 6.

Soos dit maar in die familie was sluit ek later ook by die PVAK Springs aan waar ek dien onder luit-kol. Scheepers as bevelvoerder. Hy word later na die PVAK Pretoria verplaas op versoek van genl. Putter bevelvoerder SAKB.

Die eer het my te beurt geval dat kol. Scheepers my versoek om my ook by die PVAK Pretoria aan te sliut. Ek het hierdie aanbod aanvaar waar ek my kwalifiseer as vingerafdrukdeskundige.

Hier het ek seker die meeste en grootste hoogtepunte in my polisieloopbaan ervaar en waarop ek vandag nog baie trots is.

Eerstens wil ek my dank uitspreek aan die Suid Afrikaanse Polisie, my Pa (adjudant-offisier Willie van Rensburg) luit-kol. Scheepers (Bevelvoerder PVAK Springs/ Pretoria); Luit-kol Kilian, ( Bevelvoerder Eenheid 6) en aan genl P.J. Putter (Oom Phillip) (Bevelvoerder SAKB) vir hul onderrig, bystand en motivering. Wat 'n voorreg was dit nie om onder hul bevel te dien. Wees verseker dat jul grondslag vandag nog n spieel beeld is van wat jul almal was en vandag nog is.

So n bietjie nostalgie.

Luit Kol. Hein Kilian en sy twee broers Dirk Kilian en Anton Kilian was jong Konstabels gestasioneer te Springs toe ek op skool was.

Hein, Dirk en Anton werk saam met my Pa in die uniformtak waarna Hein 'n sersant word en Dirk kort daarna volg. Anton studeer buitemuurs waarna hy hom kwalifiseer as prokureur en sy ontslag koop. Sover ek weet praktiseer hy nog steeds op Springs.

Dirk word later sover ek weet ook bevorder tot luit-kol voordat hy medies ongeskik gevind word. Ek glo dit is die Kilian broers waarna Mnr Sergeant verwys.

Al drie die broers vestig hul nog in Springs.

Op 30 Mei 2009 sterf my Pa aan 'n hartaanval terwyl in intensiewe sorg op die ouderdom van 70 jaar.

Dit was 'n besondere voorreg toe luit-kol. Hein Kilian 'n huldeblyk aan my Pa bring op sy begrafnis.

Genl Putter is die enigste oorlewende kind van 10 kinders uit die Putter/van Rensburg familie. Hy is 78 jaar oud en vestig hom in Pta Noord. Sy gesondheid is nie meer na wense nie.

Graag wil ek groete stuur aan al my ou kollegas PVAK Pretoria en Springs, en aan Louis Kriel in die VSA. (Louis ek glo jy sal my onthou)

Ek hoop hierdie stukkie nuus kan bydra tot n paar vrae wat gevra word oor waar al ons oud-polisie kollegas is.

Groete.Pierre.

- Redadteur: 'n Mooi getuigskrif vir die Suid-Afrikaanse Polisie!
- Ek onthou vir Skippie – waar sou hy homself bevind?

2. Hallo Hennie.Baie dankie man.Dit is Great. Kan jy die uitgawes vir my mail in die toekoms asb. Baie dankie. Groete. Pierre.

**18. Johan Mostert skryf**:
Hallo Hennie, Ek is Johan Mostert en soos jy kan sien het ek die "koerant" van Piet Lategan ontvang en sal geintresseer wees om in kontak te bly met van my polisie- kollegas. Plaas my asseblief op jou verspreidingslys. Groete

**19 Stef Grobler skryf:**
19.1 Hallo Hennie, Ek stel belang. Dankie. Laat weet wat van my verwag word asseblief.
Dankie en groete, Stef Grobler.

19.2. Hi Hennie, Na ek af is, het Willie Hofmeyr my genader om die Special Investigating Unit se opleiding oor te neem en dit te behartig. Ek is dus met opleiding gemoeid en geniet die werk. Snaaks dat ek in die polisie altyd weggeskram het van opleiding af – veral toe die "kopkrimpers" my evalueer het as iemand wat mense eerder moet oplei as om hulle te vang. Nou-ja, dat jy eers moet aftree om dit uit te vind. Ek is ook by UNISA betrokke waar ek lesings vir die eerste en tweede-jaar student skryf.

Ek gee graag vir jou genl. Manie Schoeman en genl. Daan le Roux se e-pos adresse. Ek weet nie of jy dit het nie. Dalk kan hulle dit verder versprei? Beste wense,

- Dankie Stef, ek sal maak! [Ek kan net vir die lesers vertel vir die wat nie vir Stef ken nie, hy is 'n speurder uit die ou skool en 'n baie netjiese man! Ons almal was altyd trots op brig adier Grobler.]

**20 Tom Louw skryf**:
„Mnr. Heimi" - Steve Bosch het die tweede uitgawe van ***Die Polisieveteranekoerant*** vir my aangestuur. Dit is puik. So het ek en Willie Botha (X302- Groep G1) dan ook baie nuwe dinge bygeleer oor van die groot geeste en gelag oor doen en late van ons dae in DIE MAG.
Ons versoek dan dat u ons op die pos lys plaas indien moontlik.
Baie dankie en sterkte met die koerant. (IJ –Tony)

- Heimie verklaar: "Julle is welkom!!"

**21. Evert Ross skryf:**
More Hennie - Voeg my asb by op jou poslys, dit is altyd lekker om van die oudlede te hoor.Groete.

- Redakteur: Ons maak so!

**22. Hein Bezuidenhout skryf:**
Geagte Brigadier: Ek sal baie graag wil aansluit – oud lt. kol Heinrich Jacobus Bezuidenhout – 0406898-0 (Polkol 1984 1ste semester – D-Kompanie peleton 23 – gebou 8S).Groete.

- Redakteur: Welkom Hein!!

**23. Christo Davidson skryf:**

**23.1** Dankie Hennie, Lekker om te lees en bietjie terug te gaan in die verlede.
Ek weet jy was by Andre van Ellinckhuizen, wat as brigadier by die Kwa-Zulu polisie afgetree het. Weet nie of hy e-pos het nie maar sal uitvind en hierdie vir hom aanstuur.
Andre en ek was saam op Nqutu in Zoeloeland waar Kingsley Holgate, die groot man met die groot baard wie so met Land Rovers om die wereld ry, ook konstabel was voor sy "wanderlust" hom gevat het. Ek het 'n goeie storie van hom en Brigadier Murray, wat daardie jare, middel sestig, die Afdelings-Kommissaris in die ou Natal (Pietermaritzburg) afdeling was. Ek onthou dat "Jan Tarries" kan nie onthou wat sy regte van was nie, die brigadier se drywer was, hulle het so 'n donkerblou Chevelle gery. Ons jong manne was meer katvoet vir Jan Tarries as vir die brigadier, want hy was die brigadier se "impimpi"
Ek sal nog so 'n paar van die mense wat daar in Noord-Natal was se besonderhede probeer kry; ek kom nog gereeld in daardie wereld.
Ek het nog nie vergeet van die dokumente wat jy soek nie. Mooi loop tot volgende keer.

- Ja so is daar ook baie ouens met invloed soos Jan Tarries in die Mag gewees. Een van die kunsies was altyd om uit te vind waar die brigadier volgendc gaan inspekteur.

**23.2** Dagse Hennie, Ek stuur hierdie ook aan **Piet Massyn**, hy was 'n kolonel in die speurdiens in Jhb/Krugersdorp wereld en werk nou saam met my. Ons het vanoggend oor die nuusbrief gesels en hy ken baie van die lede in jou nuusbrief. Piet, vir jou inligting.Mooi loop,

**24 Steve Bosch skryf**:
More “Oom” Hennie, Ek het die E- pos vanaf Riaan Bellingan ontvang en sommer baie lekker met jou gesels oor ons dienstyd by agtervolgingseenheid. Ek sal jou defnitief kom besoek. Wil ook graag die nuusbrief ontvang. Ek het ook die E- Pos verder versprei. Baie groete.

- Redakteur: Steve Bosch dankie vir jou oproep. Jammer ek was deur die mis toe jy gebel het! Ek staan maar eers na 0800 op. Ja, ek het ook baie oor jou Oupa, majoor ID Bosch, in die Nongqai gelees – en dan gewonder of dit familie was omdat julle die selfde voorletters het.

**25 Moth Order: Bert Swart: Adjutant Pretoria District Dugout**
25.1. Bert Swart writes to the Moths as follows: Dear fellow Moths, A new publication for Police veterans was initiated by Hennie Heymans. Please distribute to your Moths who belonged to the SAP. Take note how they care for their aged.
Yours Under The Tin Hat.

25.2 Hennie you are welcome to visit the Pretoria District Dugout. Your Gazette is attached for the Platinum Province Dugout Adjutant Gary Venton to distribute to the areas previously known as the Transvaal and it includes small parts of adjacent provinces.

- Editor: Thank you Adjutant!

**26. Chris Van Vuuren skryf oor “Koos Kokkerot”**
Nee die "Kokkerot" is donkie jare al toe. Met my aankoms by die Kollege in 92 as Hoof: Menasies was die plek totaal verander in Pap en Tik winkel vir al die swerwendes. Jip sy Vis en Chips in die jare laat 50's en deur die 60's was sommer puik. Ek onthou dat ek eendag vir een Rand 6 Russians, 6 Viennas, 6 stukke Vis en omtrent an sak aartappels se chips gekoop het."

- Ja, ons almal onthou vir “Koos Kokkerot” – die  laaste stilhou plek voor mens die kollege bereik. Hier is koerante, kos en koeldrank gekoop voor mens die hekke van die Kollege betree. Koos het deel geword van die SAP se sub-kultuur.

**9. Humor in Uniform**

**Reinier du Randt stuur die volgende oor “Paas en Maas”**
**Wat is 'n Pa ?** (deur die oë van 'n kind)
Pa's werk baie hart en het baie papier gelt. Pa's hou baie van teevee kyk op Saterdag. Pa's wil slaap op Sondag. Pa's maak braaivlys vir kos en is sterk en sê hille is die baas.
Pa's het visstokke, grawe en baie anner goet in die graatsh en hille vee nie uit en stof af nie. Pa's lees as hille kamer verlaat.
Pa's hou van tannies wat nie gelt het vir kleere nie en wat net kostjums dra.
Pa's gee hart pak as ma so sê. Pa's gaan op vikansie en vat ma's en kinners altyt saam. Hille krap hille gesigte skoon want dit wort vol hare as hule slaap.

Pa's werk altyt as kinners iets wil doen, en het baie werk vir kinners Ma's het ook baie werk vir pa's. Pa's is kwaai maar hille is bang vir ma's.

**Wat is 'n Ma ?**
(deur die oë van 'n kind)

Maas is baje mooi. Hille kleer hille gesigte in. Maas lees vir mens stories. Maas kan goet sien, as jy klaar gebat het sien hille dis nog vyl agter jou ore. As jy stout is sien hille deer 'n mier en vra wat jy alweer doen. Hille maak groente vir kos en ons kry lekker poeding as ons allis opeet.

Maas moet baje slim wees, want ons jivrouens gee vir ons hyswerk dan doen ons maas dit. Maas vat kinners skool toe en soen hille voor anner kinners en tanies. Maas is altyt laat en sê kiners moet gou maak.  As jy siek is pas Maas jou op.

Maas het baje gelt vir tamatiesous, pienatbater, seep en tannepasta, kofie en pap maar net biekie gelt vir swiets. Maas sê altyt hille het nie gelt nie maar dan koop hille 'n trolie vol goeters. Maas hou van winkels waar mens net 'n papierkie teken want dan hoef jy nie te petaal nie.

Maas sê altyt hille is vet as hille ou kleere aantrek, niewe kleere pas net reg en dan is hille maar. Maas is baje virsigtig. Hille sê altyt pasop vir die karre en slyt al die dere. Hille is bang vir krieke, en jaag die hond
van die bet af.

Maas is baje vliks. Hille praat lank op die foon, lees boek en kyk dys of de laaivs op tiewie en dan maak hille vinig kos voorlat Paas kom. Maas gaan eendag hemil toe want hille bit baje en ken alis van Liewe Hiesis. Ek is baje lief vir Maas.

**Saluut!!**